



GRAAD: 12		BESIGHEIDSTUDIES	16 MEI 2026
TYD: 15 MINUTE		POST-TOETS: KWARTAAL 2- SESSIE 2 BELEGGINGS: SEKURITEITE	PUNTE: 20
INSTRUKSIES:			
1.		Beantwoord ALLE vrae op die ANTWOORDBLAD wat voorsien is.	
2.		Daar is slegs EEN korrekte antwoord vir elke vraag.	
3.		Lees die vrae/instruksies noukeurig deur.	
4.		Verskeie antwoorde word as moontlike opsies vir die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en maak 'n KRUISIE (☒) in die toepaslike blokkie (A-D) langs die vraagnummers (1-10) op die ANTWOORDBLAD .	
VRAE:			
1.	Die beleggingsvorm wat van toepassing is in geval waar HIP 2BE SQUARE(H2B²) se bestuur die bank opdrag gee om hul belegging in 'n diverse portefeulje te sit wat deur 'n spesialis/fonds-/portefeuljebestuurder bestuur sal word. A. bestuurde portefeulje B. aandele C. vaste deposito D. effektetrust		
2.	'n Laerisiko-beleggingsgeleentheid uitgereik om kapitaal by die publiek te leen. A. Skuldbriewe B. 32-Dae kennisgewing deposito C. Waagkapitaal D. Vaste deposito		
3.	Die dividend op ... aandele word teen 'n vaste koers aan aandeelhouders betaal. A. bonus B. voorkeur C. stigters D. gewone		
4.	Macey Gray het R4 000 teen 8% enkelvoudige rente per jaar belê. Sy sal aan die einde van 18 maande 'n bedrag van ... as rente ontvang. A. R480 B. R4 480 C. R4 320 D. R320		
5.	Macey Gray het R4 000 teen 8% enkelvoudige rente per jaar belê. Sy sal aan die einde van 18 maande 'n bedrag van ... as rente ontvang. A. R480 B. R4 480 C. R4 320 D. R320		

6.	Watter een van die volgende stellings beskryf die term “Likiditeit” die beste? A. die spoed waarteen ‘n belegging in kontant omgeskakel kan word. B. hoe geld na en van ‘n belegging vloei. C. die bedrag geld wat die belegger bykomend tot die oorspronklike beleggings bedrag kry. D. 'n tipe belegging wat nie maklik in kontant omgeskakel kan word nie.	
7.	ALCAREZ OPLEIDING EN LOGISTIEKE (AOL) maak van ‘n beleggings geleentheid gebruik waar ‘n finansiële adviseur al hul beleggings in een sal bestuur. Dit verwys na ‘n ... A. effektetrust B. skuldbriewe C. bestuurde portefeulje D. gesamentlike fonds	
8.	'n ... voorkeuraandeelhouers is geregtig om in die surplus wins van die besigheid te deel. A. aflosbare B. kumulatiewe C. nie-omskepbare D. deelnemende	
9.	Die volgende stellings beskryf van die FUNKSIES van die instelling wat jy in vraag 5 hierbo, geïdentifiseer het. Kies slegs die EEN korrekte stelling vanuit die gegewe opsies. 1. Gee geleenthede aan finansiële instellings soos versekeringsmaatskappye om hul fondse in ... te belê. 2. Dien as 'n... van ekonomiese toestande in Suid-Afrika. 3. Hou ... ingelig oor aandeelpryse deur daagliks die aandeelpryse te publiseer. 4. Tree op as 'n ... tussen beleggers en openbare maatskappye. A. ekonomie; skakel; barometer; aandele B. skakel; ekonomie; aandele; belê C. mark; barometer; skakel; primêre D. aandele; barometer; beleggers; skakel	
10.	Die volgende faktore moet in ag geneem word wanneer beleggingsbesluite geneem word, naamlik: A. Likiditeit; Inflasiekoers; Opbrengs Op Belegging (OOB/”ROI”); Risiko; Beleggings periode/-termyn; Belasting B. Likwidasie; Inflasiekoers; Wetgewing; Opbrengs Op Belegging OOB/”ROI”); Skade; Beleggings periode/-termyn; Belasting C. Likiditeit; Inflasiekoers; Belasting; Opbrengs Op Belegging (OOB/”ROI”)); Skade; Beleggings periode/-termyn D. Likwidasie; Inflasiekoers; Opbrengs Op Belegging (OOB/”ROI”); Risiko; Beleggings periode/-termyn; Belasting	